

# BEHUISINGSKEMAS VIR GEKLEURDES IN PRETORIA 1900 — 1924

Dr. F.J. Nöthling

Departement-Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika

Die stadsraad van Pretoria het in 1913 'n beperkte behuisingskema vir Swartes ingestel en daardeur weggedoen met die destydse beleid dat Gekleurdes, soos Blankes, self vir die oprigting van huise verantwoordelik was. Dit was die uitvloeisel van 'n besef dat Gekleurdes nie hierin selfvoorsienend kon raak nie. Die skema het egter misluk en daar is eers na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog weer gepoog om nog so 'n skema te loods. Waardevolle tyd om 'n chroniese probleem te verlig, is sodoende verspil terwyl die ekonomiese insinking en die groeiende aantal Swartes wat hulle toe na Pretoria begewe het, 'n oplossing van die vraagstuk erg bemoeilik het.

## DIE TYDPERK VAN UITSLUITLIKE SELFVOORSIENING

### Die republikeinse jare

Op die Berlynse Sendingstasie, die eerste afsonderlike woonbuurt vir Swartes in Pretoria, het inwoners hulle eie "leemen huisjies" opgerig, maar teen 1910 was daar ook baksteen- en sinkhuise. Dit was egter die eiendom van die Berlynse Sendinggenootskap. Met die ontstaan van Marabastad in 1888 en van die Asiate-basaar en die Kleurlingwoonbuurt in 1893 is dit van die inwoners verwag om hulle eie wonings te bou.<sup>1</sup>

Van bouregulasies was daar geen sprake voordat die tweede tydelike stadsbestuur in 1898 ontwerpregulasies opgestel het nie. Toestemming moes verkry word voordat 'n huis opgerig kon word; 'n kwart van die erfoppervlakte moes onbeboud gelaat word; geboue moes na die straat front en 'n boulyn van 2,438 m moes gehandhaaf word. Tensy 'n gesin uit meer persone bestaan het, was ses die maksimum getal mense wat 'n huis kon bewoon. Alle huise moes 'n minimum volume van 22,65 m<sup>3</sup> hê, 2,438 m hoog wees en oor behoorlike ventilasie en lig beskik. Lewensruimte is op 8,5 m<sup>3</sup> per volwassene en 5,7 m<sup>3</sup> per kind gestel.<sup>2</sup> Hierdie voorskrifte was duidelik teen oorbouing en oorbewoning gemik.

Die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die aanvaarding van die regulasies van 1898 verhoed. Die pertinente verwysing na hutte in die ontwerpregulasies dui daarop dat Swartes by voorkeur hulle tradisionele vorms van behuising opgerig het. Daar was tog ook huise van bakstene en sinkplate wat hul eienaars van 10/- tot 30/- (tien tot dertig sjielings) elk gekos het.<sup>3</sup>

Die oorlog het 'n behuisingsnood geskep want hoewel die helfte van die Asiërbevolking Pretoria voor die uitbreek van vyandelikhede verlaat het, het baie meer Swartes die dorp ná die Britse oornam binnegekom. Teen Augustus 1901 was daar soveel as tien duisend Swartes wat om veiligheidsredes binne die Britse linies huisvesting moes kry. Gevolglik is 'n nuwe woonbuurt, Nieu-Marabastad, geskep en die indruk bestaan dat dit as 'n tydelike woongebied vir vlugtlinge bedoel was. Genoemde bakstenehuise is egter hier opgerig — 'n tendens wat daarop dui dat van die inwoners permanente verblyf in gedagte kon hê. Nieu-Marabastad het nie daarin geslaag om die vraag na huise op te los nie en 'n plakkerskamp het oos van Potgieterstraat en wes van die spoorwegstasie ontwikkel.<sup>4</sup>

### Die Britte neem oor

Die Britte het eers in 1903 stappe gedoen om die behuisingstoestand die hoof te bied. Beheer oor Swart dorpenaars is toe aan plaaslike owerhede oorgedra en streng regulasies sou sake reël. Pretoria se Kleurlingwoonbuurt was hierby ingesluit, maar die Asiate-basaar sou eers in 1907 onder munisipale beheer kom.<sup>5</sup>

Die Britte het die republikeinse verbod op Gekleurde-eiendomsreg op grond in hulle woongebiede sowel as die beginsel van selfvoorsiening gehandhaaf. 'n Huis-eienaar se reg op kompensasie en arbitrasie, indien sy huis om die een of ander rede verwyder moes word, is erken. 'n Geordende uitleg en doeltreffende gesondheidsstandaarde moes nagestreef word en hiervoor het plaaslike owerhede groter magte gekry as wat in die republi-

J.S. BERGH, *Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en omgewing, 1866—1881* (M.A.-verhandeling, UNISA, 1973), p.28; Tussenbewaarplek, Pretoria (TBP), Direkteur Plaaslike Bestuur (DPB), korrespondensielêër TA 1444, Evidence before the Location Enquiry Committee, Pretoria, 1910: Evidence of Rev. K. Sacke, 1.6.1910, Q178; DPB, korrespondensielêër TA 504; Kaart van Marabastad, 16.8.1888; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Colonial Secretary (CS) 243, korrespondensielêër CS 1535/03: The allocation of the Cape location, ongedateer; ZAR Groenboek 2/1894: *Correspondentie van de Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de kwestie van Aziatische gekleurde personen*, II, No. 92.

- J.J.N. CLOETE, Die ontstaan en ontwikkeling van die munisipale bestuur van Pretoria tot 1910, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 23(1), 1960, hfst. XI; TAB, *Regulaties voor de stad Pretoria opgemaakt door de voorlopig stadsraadcomitee, 1898*, par. 4—7.
- TAB, Military Governor Pretoria (MGP) 1, korrespondensielêër MGP 016/00: M. Ponnou — Military Governor, 11.6.1900; City Council Pretoria (CCP) 2/52, korrespondensielêër: C.N. Manning — District Commissioner of Police, ongedateer; TBP, DPB, korrespondensielêër TA 1444, Evidence before the Location Enquiry Committee, Pretoria, 1910: Evidence of N.J. Boya, 3.6.1910, Q635.
- TAB, Secretary for Native Affairs (SNA), korrespondensielêër NA 1255/02: Supervisor of Indian Immigration — Minister of Native Affairs, slegs gedateer 1910; korrespondensielêër NA 592/01: Report on routine work of the Superintendent of Native Affairs ..., 24.8.1901; CCP 2/53, korrespondensielêër: Acting Native Commissioner Pretoria — Assistant to the Military Governor, 2.4.1902; TBP, DPB, korrespondensielêër TA 1444, Evidence before the Location Enquiry Committee, Pretoria, 1910: Evidence of N.J. Boya, 3.6.1910, Q 635—636; TAB, CCP: Minutes of Council, 24.7.1902, p.63, en Minutes of Council, 18.2.1904, p.118.
- C. JEPPE en J.H. GEY VAN PITTIUS, *Statute law of the Transvaal, 1839—1910, II: 1900—1906* (Ordinance 58/1903); *The Transvaal Government Gazette*, 11.4.1904 (Government Notice 336/1904, 8.3.1904), en 15.7.1904 (Government Notice 884/1904, 12.7.1904).

keins tyd die geval was. Alle erwe moes duidelik afge-merk word en boupermitte en bouplanne verkry word voordat gebou kon word. Strukture wat na die aanvaarding van die regulasies opgerig is en nie aan die vereistes voldoen het nie, kon afgebreek word. Die Britte wou verseker dat 'n groter deel van die erf (te wete een derde) onbehoud bly; mure moes ook 2,438 m hoog wees en 'n minimum volume van 33,98 m<sup>3</sup>, heelwat meer as voorheen, is vereis. Voorsiening vir ventilasie en lig — gelyk aan een tiende van die vloeroppervlakte — moes gemaak word deur vensters wat kon oopmaak en deur 'n deur of 'n venster in die muur teenoor die voordeur in te bou. Streng maatreëls is teen oorbewoning getref: elke persoon bo die ouderdom van twaalf jaar moes 8,5 m<sup>3</sup> slaapspace hê terwyl dié ruimte per kind onder twaalf jaar op 4,24 m<sup>3</sup> vasgestel is. Die aantal huisbewoners moes op erfpermitte aangedui word en indien meer persone op 'n erf gewoon het, was die permithouer aan 'n oortreding van die regulasies skuldig. Hoewel die stadsraad vir gemeenskaplike toilette sou sorg, kon hy ook van erfhouers verwag om hul eie toiletgeriewe te voorsien. Geen vereistes is egter ten opsigte van wasfasiliteite gestel nie.

Voorskrifte vir die Asiate-basaar was minder gespesifiseer. Toestemming om te bou, was wel nodig en die algemene munisipale bou- en gesondheidsbywette sou geld. Ongemagtigde strukture wat die openbare gesondheid bedreig, kon afgebreek word of op die eienaar se koste herstel word, terwyl die oordrag van 'n erf van een Asiër na 'n ander slegs met die toestemming van die koloniale sekretaris kon geskied.<sup>6</sup> Hierdie bepaling hou verband met die probleme wat Transvaal gedurende die eerste dekade van die eeu met die toestroming van Asiërs gehad het.

### Teorie en praktyk

Hoewel al hierdie maatreëls 'n positiewe uitwerking moes gehad het, is talle krotte nogtans met verloop van tyd veral in die Swart-woongebiede opgerig. Sommige Swartes se huise is in 1904 as “of the flimsiest and worst character possible ... built mostly of biscuit tins and old iron” beskryf, terwyl daar in 1906 van die “unsightly dwellings constructed of paraffin tins and bagging supported by lumber” gepraat is. 'n Dekade later het die kommissie van ondersoek na die voorkoms van tuberkulose die volgende prentjie geskilder: “...the dwellings are mere shanties, often nothing more than hovels, constructed out of bits of old packing case lining, flattened kerosene tins, sacking and other scraps of odds and ends”; in die reël was die huise ook donker en swak geventileer. Daar was nietemin enkele goeie hout-en-sinkstrukture wat uit twee en selfs ses vertrekke bestaan het.<sup>7</sup> Dit was die uitsondering op die reël, wat daarop dui dat die stelsel van selfvoorsiening, gekoppel aan streng munisipale beheer, misluk het — 'n feit wat aan die volgende drie faktore gewyt kan word:

### Gebrekkige finansiële vermoëns

Teen 1903 het die meeste Swartes van £2-10-0 (twee pond tien sjelings) tot £5 per maand verdien terwyl diegene met skoolopleiding, soos vertalers, van £4 tot £10 ontvang het. Erflisensie- en sanitasiegeld, wat toe 17/- per maand beloop het, het 'n groot hap uit 'n huisbewoner se inkomste geneem. Daarby moes daar nog £2 belasting per jaar betaal word. Gegewens oor die pryse van verbruikers-

items in hierdie periode is skaars, maar die feit dat die regering geweier het dat die munisipaliteit pasfooi van Swart werkers invorder en dat die persoonlike belasting van diegene wat erflisensie- en sanitasiegeld betaal het, in 1906 afgeskaf is, dui daarop dat Swart dorpenaars gesukkel het om hul basiese finansiële verpligtinge na te kom.<sup>8</sup>

Die oprigting van stewige huise was gevolglik buite die kwessie en die Pretoriase lokasiesuperintendent, E.H. Schlaefli, het in 1904 verskeie voorstelle gedoen om die toestand enigszins te verlig, onder meer 'n algemene verlaging van munisipale tariewe, die voorsiening van herberg aan diegene wat nie kon of wou bou nie en die verskaffing van gestandaardiseerde bouplanne. Dat die stadsraad hierdie voorstelle aanvaar het, onderskryf die feit dat selfvoorsiening ten opsigte van behuising 'n te swaar las was. Tariewe is in Julie 1905 na 10/- per maand verlaag, grond is vir losiesplekke gereserveer en standaardbouplanne is beskikbaar gestel. Hierdie planne was steeds vir die Swartes te duur en Schlaefli het voorgestel dat hulle enige materiaal binne hul vermoëns kon gebruik. In September 1905 het die stadsraad hiertoe ingestem en bepaal dat gebruikte sinkplate met vensters en deure (vreemde materiaal vir Swartes wat tradisioneel met latte, pale, modder, beesmis en grond gebou het), die minimumvereiste vir huise in die Swart- en Kleurlingbuurte was.<sup>9</sup> Dié toewyding, uit nood gebore, het die voortgesette oprigting van krotte sterk gestimuleer.

### Die tydelike element in die stelsel

Volgens artikel 2 van die Britse lokasieregulasies kon plaaslike owerhede van tyd tot tyd Gekleurde-woongebiede skep of opruim terwyl verdere regulasies bepaal het dat erfpermitte slegs geldig was vir die tydperk wat daarop aangedui was. Pretoria se Swartes en Kleurlinge was maandelikse huurders omdat die stadsraad Marabastad wou heropmeet en baie inwoners daarom sou moes trek. In so 'n geval sou slegs huise wat meer as £25 werd was, vir kompensasie kwalifiseer, terwyl inwoners wat agterstallig geraak het met die betaal van munisipale gelde of aan 'n oortreding van die drankwette skuldig was, uitgesit kon

6. *The Transvaal Government Gazette*, 1.3.1907 (Government Notice 273/1907, 28.2.1907), en 9.10.1903 (Government Notice 1136/1903, 28.9.1903).  
THE SOUTH AFRICAN NATIVE AFFAIRS COMMISSION, *Minutes of Evidence*: Canon E. Farmer, 10.10.1904, p.653., 42148; *Pretoria News*, 27.10.1906; UG 34/1914 *Report of the Tuberculosis Commission*, p.126; TAB, CCP: Minutes, Special Meeting General Purposes, Finance and Works Committees, 9.6.1911.
8. TAB, CCP 3/131, korrespondensielêër: Native Commissioner Central — Town Clerk, 24.3.1903, en korrespondensielêër: Superintendent of Native Locations — Town Clerk, 18.8.1904; SNA, korrespondensielêër NA 2614/04: Report of the Committee appointed ... to enquire into the question of the renumeration of Natives ..., 13.9.1904, en korrespondensielêër NA 3079/04: Memorandum by Lagden, 4.2.1904; *Debates of the sixth session Legislative Council of the Transvaal*, 19.7.1906, pp.472—473, en 30.7.1906, pp.458—460.
9. TAB, CCP 3/131, korrespondensielêër MNPO 105/06: Superintendent of Native Locations — Town Clerk, 18.8.1904, en korrespondensielêër: Report of Special Committee, 14.9.1904; CCP 2/94, korrespondensielêër 249/42/05: Superintendent of Native Locations — Town Clerk, 9.1.1905, en korrespondensielêër 789/42/05: Town Clerk — Superintendent of Native Locations, 2.2.1905; CCP: Minutes of Council, 26.9.1906, p.7, en 27.9.1906, p.353; I. SCHAPER, *The Bantu-speaking tribes of South Africa* (Kaapstad, 1959), pp.144—145.

word.<sup>10</sup> Verder kon welgesteldes nie eiendomsreg op grond in hul woongebiede kry nie, met die gevolg dat selfs diegene wat dit kon bekostig, traag was om goeie huise te laat bou.

### Lakse munisipale administrasie

Die kommissie van ondersoek na die voorkoms van tuberkulose het in 1914 beweer dat lakse munisipale administrasie grootliks tot die voorkoms van krotbuurtes bygedra het. Hoewel getuienis daarop dui dat hierdie tendens teen 1910 ook in Pretoria aanwesig was, het die stadsraad aanvanklik werklik probeer om die gehalpte van Gekleurde-behuising te verbeter.

Van 1906 af is alle regulasies rakende behuising toegepas en was die genoegsame voorsiening van lug en lig die minimumvereiste waaraan huise moes voldoen. So byvoorbeeld is twintig onhigiëniese kamers in die Asiate-basaar teen Junie 1906 afgebreek en die jaar daarop is 2 006 kamers geïnspekteer. Hiervan is 179 afgebreek en omvangryke herstelwerk moes aan die res gedoen word. Streng toesig is ook in Marabastad gehou waar 87 nuwe wonings opgerig en 85 huise wat ongeskik vir bewoning was, afgebreek is. Indien dit in aanmerking geneem word dat daar in 1906 632 geregistreerde erfhouders in Marabastad was en dat huise volgens die mediese gesondheidsbeampte "miserable in the extreme" was,<sup>11</sup> is dit duidelik dat die streng toepassing van die regulasies slegs die simptoom van 'n dieperliggende siekte gedokter het.

Die aanvanklike administratiewe beheer het egter verslap en in Julie 1910 het 'n Swart getuie voor die kommissie van ondersoek na toestande in Marabastad verklaar dat huise sonder enige toesig of kontrole van die lokasiesuperintendent opgerig word — gevolglik het "tin shanties" oral, ook langs goeie huise, verrys. Die kommissie het hierdie bewering bevestig.<sup>12</sup>

Die insinking kan aan verskeie redes gewyt word. In 1907 het die stadsraad besluit om 'n nuwe woongebied vir Swartes, waarin die voorstelle wat die South African Native Affairs Commission in 1905 oor Swart-woongebiede gemaak het, beliggaam sou word, te ontwikkel. Nog 'n rede vir die algemene verswakking in Gekleurde-behuising was die ekonomiese depressie wat in 1907/08 'n laagtepunt bereik het. As Swartes en Kleurlinge voorheen gesukkel het om self behuising te voorsien, was dit teen 1908 nog moeiliker. Derdens het 'n nuwe lokasiesuperintendent, W.J. Stiemens, in hierdie tyd by Schlaefli oorgeneem. Hy was 'n lakse amptenaar wat 'n laat-maarloophouding ingeneem het. Sy opvolger, J. McDonald Gilbert, was eweneens net daarop ingestel om die geldsake te laat klop.<sup>13</sup>

Swak en verswakkende behuising was nie slegs tot Pretoria beperk nie. In Durban, waar 'n munisipale sorgthumbiermonopolie veronderstel was om die nodige fondse vir die ontwikkeling van die Swart-woonbuurte te skep, is behuising by geleentheid as die "most filthy dens imaginable (*sic*)" beskryf. In Bloemfontein wat meermale as 'n voorbeeld vir ander plaaslike owerhede voorgehou is, was daar 'n neiging tot oorbewoning en was baie hutte sonder ventilasie en lig.<sup>14</sup>

Die realiteite van die behuisingssituasie in Pretoria het 'n algehele herwaardering van die selfvoorsieningsbeginsel genoodsaak. Gesonde administrasie kon die remming wat finansiële beperkings en die gebrek aan sekuriteit veroorsaak het, nie oorkom nie. Dit sou eerder die beste administratiewe pogings fnuik en die laat-maarloophouding van Stiemens en sy kollegas bevorder.

## NUWE IDEES EN BEHOEFTE

'n Meer pragmatiese beleid was nodig om die bose kringloop tussen swak behuising, armoede en ondoeltreffende administrasie te verbreek. Die South African Native Affairs Commission het dit besef en in 1905 riglyne bepaal waarvolgens toestande verbeter kon word. Daar is aanbeveel dat Swartes toegelaat moes word om grond in eie reg te koop. Dit kon die verlangde sekuriteit vir verbeteringskep. Plaaslike owerhede moes ook geskikte en gerieflike huise vir Swartes oprig terwyl standarde waaraan diegene wat self wou bou kon voldoen, bepaal moes word.<sup>15</sup> Hoewel die aanbevelings die kardinale struikelblokke uitgewys het, het die kommissie nie aangedui hoe die projekte gefinansier moes word nie en hoe 'n "geskikte" huis moes lyk nie. Die Pretoriase stadsvaders het die gedagte om behuising te voorsien, aangegryp en sou van 1909 af poog om so 'n projek aan die gang te kry.

Nuwe behuisingssituasie het intussen in Pretoria ontwikkel. Die munisipale hutte waarin besoekers en diegene wat nie self kon of wou bou nie, tuisgegaan het, was onprakties vir treinreisigers wat in Pretoria moes oornag omdat dit te ver van die stasie af geleë was. Gevolglik het baie van hulle herberg in die agterplase van omliggende winkeliers gesoek. Toe die munisipaliteit in 1908 twee Swart-eethuise naby die stasie toelaat, is die eienaars met versoeke om slaapplek oorval. Pogings het toe gevolg om losieshuise aan die eethuise te koppel, maar dit het misluk omdat Swartes wat nie in Blanke-diens was nie, slegs in Marabastad kon slaap. Die regering het pogings om spesiale losieswette in te stel, verydel deur te onderneem om voorsiening daarvoor in 'n nuwe paswet te maak. Toe die wet in 1909 aanvaar is, was dié onderneming vergete en is daar nie aan die nuwe behoeftes voldoen nie.<sup>16</sup>

10. *The Transvaal Government Gazette*, 15.7.1904 (Government Notice 884/1904, 12.7.1904, artikels 2, 9, 10, 25, 40, 55); TAB, CCP 2/54, korrespondensielêer 1233/12/05; Stegmann, Esselen & Roos — Town Clerk, 23.2.1905; CCP 2/94, korrespondensielêer 1809/42/05; Superintendent of Native Locations — Town Clerk, 18.3.1905, *Pretoria News*, 11.4.1905.
11. TAB, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 15.1.1906, pp.230–232; CCP 2/95, korrespondensielêer 327/43/06; Town Clerk — Municipal Native Pass Officer, 22.1.1906; Municipal Publication (MP) 6/1/1: *Minute of His Worship the Mayor for the Mayoral year ending October 31, 1906*, pp.210–211 en 249, en *Minute of His Worship the Mayor for the Mayoral year ending October 30, 1907*, p.200.
12. TBP, DPB, korrespondensielêer TA 1444, Evidence before the Location Enquiry Committee, Pretoria, 1910: Evidence of N.J. Boya, 3.6.1910, Q 632–642, en Native Location Enquiry Committee Report, par. 3; U 15/1911 *Native Affairs Department annual report for the period 1.7.1909 to 31.5.1910*, p.9b.
13. *Pretoria News*, 10.5.1907; Cd 2399/05 *South African Native Affairs Commission report, 1905*, pp.34–35; M.H. DE KOCK, *The economic development of South Africa* (Westminster, 1935), p.66; TBP, DPB, korrespondensielêer TA 1444, Native Location Enquiry Committee Report, par. 5.
14. A.J. VAN WYK, Public opinion in Natal and the Non-Whites 1910–1915, *Historia* 18(3), September 1973, p.191; J.C. TALJAARD, *Die Naturelle-administrasie van die stad Bloemfontein* (M.A.-verhandeling, US, 1953), pp.iii en 59.
15. Cd 2399/05 *South African Native Affairs Commission report, 1905*, p.34, par. 248–250.
16. *Pretoria News*, 27.5.1905 en 28.10.1905; TAB, CCP 2/94, korrespondensielêer 6690/42/05; Town Clerk — Acting Superintendent of Locations, 10.11.1905; CCP 3/373, korrespondensielêer: J. Lurie — Mayor, 24.1.1908, en J.F. Surgeson — Town Clerk, 27.3.1908; TBP, DPB, TALG 478, korrespondensielêer 4513/08; Town Clerk Pretoria — Assistant Colonial Secretary, 11.11.1908; TAB, CCP 3/373, korrespondensielêer 3/15752: Assistant Colonial Secretary — Town Clerk, 5.12.1908; CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 7.12.1908, en Minutes of Council, 17.12.1908, p.293.

Teen 1907 het daar ook van Kleurlingkant 'n behoefte aan munisipale behuisingshulp ontstaan. Dit was beleid dat elke Gekleurde groep in sy eie woongebied moes bly, maar vermenging het gereeld voorgekom. In Junie 1907 is 'n groep Kleurlinge aangesê om van die Swart-woongebied na hul eie te trek. Geen huise was egter beskikbaar nie en baie van die mans was werkloos sodat hulle nie uit eie vermoëns huise kon oprig nie. Die gevolg was ernstige ontwrigting vir hulle gesinne, en die stadsraad is om hulp gevra; dié kon om finansiële redes egter niks aan die saak doen nie.<sup>17</sup> Verdere pogings het in 1908 gevolg om Kleurlinge na hul eie woongebied te verskuif. Huisvesting was steeds 'n probleem en die betrokke groep Kleurlinge het aangebied om 10/- per maand vir geskikte boumateriaal uit munisipale voorraad te betaal. Die versoek is na twee maande van wik en weeg geweier, maar die idee om behuising te voorsien, het sterker begin posvat. Opdrag is toe op 15 Junie 1909 aan die stadsingenieur en die gesondheidsbeampte gegee om die moontlikheid om skemahuisies aan Kleurlinge te voorsien, te ondersoek.<sup>18</sup>

Albei die beamptes was skepties oor die lewensvatbaarheid van so 'n skema, veral omdat die depresiasie van die hout-en-sinkhuise wat die Kleurlinge kon betaal, so hoog was dat dit kapitaalherwinning onmoontlik gemaak het. Daarvoor kon die Kleurlinge te min per maand terugbetaal. Die gesondheidsbeampte het ook 'n groter behoefte aan huise vir Armblankes bespeur. Die stadsraadslede was dit egter nie met die kommissie se voorstelle eens nie en het dit na die finansiële komitee verwys wat moes bepaal of geld vir die skema beskikbaar was.<sup>19</sup> Daar is nie weer van die plan gehoor nie. 'n Kapitaaltekort, die onaan-treklikheid van die belegging en die groter skema wat die raad toe aangepak het, kan as redes daarvoor aangevoer word.

In 1910 het die Pretoria Native Location Enquiry Committee ook met 'n aantal idees vorendag gekom. Om 'n oplossing te vind vir die finansiële doodloopstraat waarin baie Gekleudes hulle bevind het, wou die kommissie 'n munisipale sorghumbiermonopolie, soos dit in Durban gefunksioneer het, invoer. Daarom is aanbeveel dat barakke vir ongetroude mans opgerig word waaraan biersale en eethuise gekoppel is. Voorts moes hostelle vir ongetroude vroue daargestel word; hierin is 'n oplossing gesien vir die talle hawelose vroue oor wie se gesondheid daar sedert 1907 groot kommer geheers het. Ten slotte wou die kommissie 'n fonds skep waaruit boulenings toegestaan kon word.

Hierdie aanbevelings het die klem sterk op middele tot kapitaalvorming laat val, maar onder burgemeester A.C. Romyn, die munisipale verteenwoordiger in die kommissie, het 'n stap verder gegaan en die grondoorsaak vir die behuisingsprobleem toegeskryf aan die teenwoordigheid van talle leegleërs, prostitute en getroudes wat hul gesinne verlaat het om in Pretoria te kom woon. Volgens Romyn was daar 'n verband tussen die behuisingsprobleem en instroming en solank instromingsbeheer nie toegepas is nie, sou enige ander maatreëls ondoelreffend wees. Romyn se afleidings word bevestig deur die feit dat daar ruim vyfhonderd rondlopende vroue in Pretoria was — “misguided young women (who) run away from their kraals, board the train at the nearest station to them and either elope with a Kafir boy, or come singly to Pretoria”.<sup>20</sup> Regeringsamptenare was oortuig van die slechte gevolge wat die verskynsel vir die algemene gesondheidspeil, en meer bepaald vir Blanke kinders, gehad het. Hostelle en 'n vorm van beheer oor die vroue se bewegings

was vir hulle die oplossing, veral ook omdat baie Blankes uiters treurige behuising aan hulle bediendes voorsien het.

Blanke vroue het die hostel-idee aangegryp en wou dadelik hulp van die stadsraad hê om dit te voorsien. Die “oplossing” sou egter nie oornag verwesenlik word nie aangesien daar geen wetgewing bestaan het om die vroue in die hostelle te laat woon nie en die invloed van kapitaaltekorte hom ook hier sou laat geld. Die regering sou hom bowendien langsaam haas nadat die South African Native National Congress tydens sy stigtingsvergadering (8–11 Januarie 1912) besliste voorbehoude daarop nagehou het. Die Congress het die vrywilligheidsbeginsel vooropgestel en wou dat beheer in die hande van wat hulle “simpatieke Blankes” genoem het, moes wees.<sup>21</sup> Afgesien van 'n privaat hostel wat die English Church Mission hierna in Proesstraat begin het, sou die aangeleentheid nie weer voor 1915 na vore tree nie.

## DIE “NUWE LOKASIE”-PROJEK

Omdat 'n rioolplaas langs Marabastad ontwikkel het, het die stadsraad in 1907 besluit om dié woonbuurt te verskuif. Die besluit is gevolg deur 'n hewige stryd om 'n geskikte terrein te vind wat tot 1912 geduur het; toe is daar finaal op 'n gebied noordwes van die dorp teen die suidelike hang van die Daspoortrand besluit.<sup>22</sup>


Hoewel die terreinstryd die beplanning van die woonbuurt vertraag het, het die stadsraad na Januarie 1912 ernstige aandag daaraan gegee. Verskeie beginsels rakende behuising is hiermee as beleid aanvaar. Dit het onder meer ingesluit barakke vir enkelopende mans, “lae klas”-vroue en die algemene vlottende bevolking, hostelle vir vroulike huisbediendes volgens Romyn se idee in 'n af-

17. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêer 2892/37/07: A. Mentor — Town Clerk, 23.6.1907.
18. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêer: Petition to Town Clerk, 22.3.1908, en Superintendent of Locations — Town Clerk, 12.5.1908; CCP: Minutes of Council, 2.7.1908, p.493; CCP 3/130, korrespondensielêer 2364/24/09: Town Clerk — Medical Officer of Health, 15.6.1909, en korrespondensielêer 2638/24/09: Town Clerk — Town Engineer, 2.7.1909.
19. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêer: Town Engineer — Town Clerk, 2.7.1909, en korrespondensielêer 2638/24/09: Medical Officer of Health — Town Engineer, 9.7.1909; CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 19.7.1909.
20. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêer: Native Location Enquiry Committee Report (Aanbevelings E, F, G en H, en A.C. Romyn se minderheidsverslag); Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria (SAB), Departement Naturellesake (DNS) 348, korrespondensielêer 4722/F1212: Conference of the Sub-Native Commissioners of the Transvaal, 17–18.10.1910; UG 17/1911 *Bluebook on Native Affairs*, p.349; TAB, SNA, korrespondensielêer NA 2177/07: *Report of the Contagious Diseases amongst Natives Commission*; M.J. OLIVIER, *Stedelike Naturelle-administrasie in Wes-Kaapland* (M.A.-verhandeling, US, 1955), p.461.
21. TAB, CCP 3/167, korrespondensielêer: Town Clerk — Mrs M. McLaren, 15.9.1911; CCP: Minutes of Council, 5.10.1911, p.462; CCP 3/164, korrespondensielêer: Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (Pretoria) — Burgemeester en Raadslede, 30.10.1911, Petition of 700 women — Mayor, ca. Desember 1911, en korrespondensielêer 70a: Town Clerk — Sub-Native Commissioner Pretoria, 9.12.1911; SAB, DNS 343, korrespondensielêer 3250/11/F1131: South African National Native Congress; resolutions taken at Bloemfontein, 8–11.1.1912; P. WALSHE, *The rise of African nationalism in South Africa* (Londen, 1970), pp.33 en 35; G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI* (Johannesburg, 1979), p.183.
22. TBP, DPB, korrespondensielêer TA 504: Town Treasurer — Assistant Colonial Secretary Urban Affairs, 29.6.1903; TAB, CCP: Minutes of Council, 5.9.1912, pp.137–144.


# TYPE NATIVE HVT

— N° 3 —

— SCALE 1/8 INCH = 1 FOOT —



— ELEVATION —



— PLAN —

F. WALTON JAMESON  
TOWN ENGINEER  
PRETORIA  
15-11-1913

*Bouplan van 'n woning in die "Nuwe Lokasie".*

UIT: REPORT OF THE TUBERCULOSIS COMMISSION (UG 34 1914)

sonderlike deel van die woongebied, nuwe planne vir modelwoningen, spesiale bouregulasies vir die meer gegoede klas en die oprigting van munisipale huise. £25 000 is vir dié projek beskikbaar gestel.<sup>23</sup>

Na heelwat wik en weeg oor die munisipale huise het die werkekomitee in September besluit om vyftig baksteenhuise op te rig. Die beste gehalte bakstene is gebruik en die vensterrame en deure was van staal. Die huise is ten spyte van hoër koste bo betonhutte verkies want, "the present need is to provide satisfactory and not merely makeshift arrangements for a number of native families ... and at the same time the 50 buildings to be constructed will set a model of the type of building the Council would like to see erected in the Location" (my kursivering). Die kommissie van ondersoek na die voorkoms van tuberkulose (1914) het hierdie huise as geskik vir vooruitstrewende Swartes aangeprys en dit blyk duidelik uit die aangehaalde motivering dat die stadsraad daarmee 'n voorbeeld wou stel en die gehalte van behuising op 'n hoër standaard wou bring.<sup>24</sup>

Die huise het saam £6 060 gekos wat beteken het dat voornemende bewoners £12 per jaar (10% rente en kapitaaldelging) moes betaal. Wanneer die £6 wat jaarliks aan erflisensiegeld, water en sanitasiedienste betaalbaar was, bygereken word, het die basiese koste aan so 'n huis £18 per jaar beloop. In Desember 1912 is die huise van betonvloere voorsien en is een latrine vir elke vier wonings opgerig. Dit het die voorlopige huur na 25/- per maand

verhoog. Nieteenstaande die tuberkulosekommissie se lof was die huise egter nie sonder foute nie. Om genoegsame ventilasie te voorsien, is openinge tussen die mure en die dak gelaat — 'n feit wat bewoning in die wintermaande baie onaangenaam gemaak het en die inwoners genoop het om dit met modder toe te stop. In April 1914, toe die huise maar pas voltooi was, het die mure as gevolg van stormwater wat daarteen opgedam het, begin kraak.<sup>25</sup>



*'n Voorbeeld van Gekleurde-behuising in die "Nuwe Lokasie" by Pretoria (1914).*

FOTO: REPORT OF THE TUBERCULOSIS COMMISSION (UG 34 1914)

Hoewel op die meer gegoede Swarte gemik, het die skema om verskeie redes misluk. Eerstens was die huur te hoog. Swartes se lone en salarisse het sedert die begin van die eeu konstant gebly terwyl die lewenskoste in 1912 ongesond hoog was. Genoegsame voedsel alleen het gemiddeld byna £1 per week gekos. 'n Vermindering van die huur na £1 per maand in Maart 1913 kon die finansiële las wat bewoning van die huise meegebring het, nie verlig nie en selfs die Swartes wat £10 per maand verdien het, het die huur te hoog gevind.<sup>26</sup> Hierdie skema kon dus nie die basiese rede vir die swak behuising, te wete armoede, omseil nie.

Daar was ook ander redes vir die ongewildheid van die skemahuise. Die grootte van die huise is eerstens ter sake. Die munisipaliteit het 'n huis met twee slaapkamers, 'n kombuis en 'n stoep aangebied terwyl die hout-en-sink-huise van diegene wat na die nuwe huise moes trek, in baie gevalle groter was. Daar was veertien huise met twee kamers, elf met drie kamers, agt met vier kamers en twee

23. TAB, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 29.1.1912, p.373, en 18.3.1912, p.426; Minutes of the General Purposes Committee, Special Meeting, 12.3.1912, ongepagineerd; Minutes of Council, 16.2.1912, p.247, en 29.3.1912, p.348; TBP, DPB, korrespondensielêer TA 504: Extract from Minute Book, Pretoria Town Council, 227th meeting held on the 29th March, 1912; SAB, DNS, korrespondensielêer NA 87/313(1): Memo on Pretoria Native Locations, ongedateer.
24. TAB, CCP: Minutes of Council, 7.6.1912, p.490, 19.7.1912, p.36, en 4.10.1912, p.200; UG 34/1914 *Report of the Tuberculosis Commission*, pp.127–128; *Pretoria News*, 8.6.1912.
25. TAB, CCP: Minutes of Council, 19.9.1912, p.173, 19.12.1912, p.307, en 17.4.1914, p.43; CCP 3/130, korrespondensielêer: S.B. Cowley — District Commissioner Transvaal Police, 12.11.1912; CCP 3/165, korrespondensielêer: Reprint from the minutes of the Johannesburg Town Council, 9.10.1919, p.12; *Pretoria News*, 5.10.1912 en 10.5.1913.
26. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêer: S.B. Cowley — District Commissioner Transvaal Police, 12.11.1912; CCP: Minutes of Council, 19.12.1912, pp.303 en 315, en 23.5.1913, pp.63–64; D.H. HOUGHTON en J. DAGUT (reds.), *Source material on the South African economy, 1860–1970, II (1899–1919)* (Johannesburg, ens., 1972), pp.162–163.





Die wonings in die "Nuwe Lokasie" het 'n kenmerkende hutvoorkoms gehad.

FOTO: REPORT OF THE TUBERCULOSIS COMMISSION (UG 34 1914)

elk met vyf en ses kamers. Ander huise wat ontruim moes word, was van baksteen en het van drie tot sewe vertrekke gehad. Dit is dus te begrype dat die skemahuise vir sommige Swartes baie min aangebied het. Afgesien hiervan het hulle ook oor die klein erfies gekla omdat daar nie plek was om diere aan te hou en tuin te maak nie.<sup>27</sup>

Die ontstaan van die plakkerskamp Hovesground, onmiddellik noord van die nuwe woongebied, het ook tot die mislukking van die projek bygedra. Hovesground se eienaars het in Januarie 1913 begin om erwe aan individuele Gekleurdes te verkoop en sodoende 'n uitkomsgebied aan almal wat nie in die nuwe woongebied wou bou of woon nie. Dit het ook diegene gelok wat besware teen die lokasieregulasies, veral die verbod op die brou van sorghumbier, gehad het. Die ontevredenheid oor die verbod word geïllustreer deur die feit dat al die munisipale huise oornag betrek is na die verspreiding van 'n gerug dat bierbrouery onbeperk in die nuwe woongebied toegelaat sou word. Nog 'n groep wat verkies het om na Hovesground te trek, was lede van die Ethiopiese Kerk wat nie erwe vir kerkboudoeleindes in die woongebied kon kry nie omdat die kerk onafhanklik van Blanke toesig was.<sup>28</sup>

Om behuisingstandaarde in die ou woongebiede te verseker, het die munisipaliteit daar met die sloop van onsanitêre huise voortgegaan en in 1913 die verskil in die minimumvereistes vir Gekleurde- en Blanke-behuising verwyder. Die ongewildheid van die skemahuise het ook verdere stappe genoodsaak en erwe in die nuwe woonbuurt is van Maart 1914 af aan Swartes wat met munisipaal goedgekeurde materiaal wou bou, beskikbaar gestel.<sup>29</sup> Dit was 'n terugkeer na die ou stelsel van selfvoorsiening met al sy inherente gebreke.

## DIE OORLOGSJARE

### Huise

Die stadsraad het sy behuisingsskema na dié terugslae gestaak terwyl Swartes hulle na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog toenemend in Pretoria gevestig het. In Marabastad het die inwoners van 3 378 in 1910 tot 6 000 in 1921 vermeerder terwyl 800 in die "nuwe lokasie" en

Hovesground, 'n duisend in Schoolplaaits, 1 200 in die Asiate-basaar en 'n honderd in die Kleurlingwoonbuurt gewoon het. Gegewens oor die Kleurlinge en Asiërs is nie só gereedelik beskikbaar nie, maar volgens die 1911-sensus het dié groepe 4 526 getel. In die 1921-sensus is hulle getalle afsonderlik aangedui. Toe was daar 1 625 Asiërs en 1 904 Kleurlinge — 'n totaal van 3 529<sup>30</sup> — wat 'n vermindering van 997 persone beteken het. Hieruit blyk dit dat die behuisingvraagstuk gaandeweg 'n Swart-behuisingprobleem geword het en dat die opskorting van die munisipale skema die ongunstige situasie verder laat versleg het.

Die logiese gevolg hiervan was onderverhuring en oorbebouing, 'n tendens wat in 1915 veral in die Asiate-basaar voorgekom het omdat talle Swartes daar 'n heenkome gevind het. Die stadsraad wou dit met 'n walgooi beleid bekamp want oorweging is toe weer daaraan gegee om die Gekleurde-woongebiede te verskuif. As gevolg van onsekerheid hieroor is toe voorgestel dat geen bouplanne goedgekeur word indien dit vir die huisvesting van meer as een gesin voorsiening maak nie, dat as 'n erflisensiehouer nie persoonlik op 'n erf woon nie sy lisensie ingetrek word, en dat 'n spesiale belasting op onderverhuurders gehef word. 'n Beroep is ook op werkgewers gedoen om werkers beter te betaal sodat hulle vir hulself beter huise kon bou. Die onvermoë van inwoners

27. TAB, CCP: Minutes of Special Meeting of the General Purposes, Finance and Works Committees, 9.6.1911; CCP 3/130, korrespondensielêër: S.B. Cowley — District Commissioner Transvaal Police, 12.11.1912.
28. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêër: Superintendent of Locations — Town Clerk, 12.2.1913; SAB, DNS 133, korrespondensielêër 375/13/F243; Town Clerk — Secretary Native Affairs, 30.1.1913; Native Affairs (NA) 403, korrespondensielêër: 22/13/F1294; Secretary Native Affairs — Town Clerk, 12.2.1913; NA 133, korrespondensielêër 375/13/F243; Resident Bishop American Episcopal Church (SA) — Secretary Native Affairs, 2.1.1913; *Pretoria News*, 28.4.1913 en 29.4.1913.
29. TAB, CCP 3/301, *Annual report of the Medical Officer of Health for the year ending 30th June, 1913*, p.15, en *Annual report ... for the year ending 30th June, 1912*, p.13; CCP: Minutes of Council, 6.3.1914, p.522, en Minutes of Council, Special Meeting, 16.1.1911, p.302.
30. TAB, CCP: Minutes of Council, Special Meeting, 16.1.1911, p.302; CCP 3/301, *Annual report of the Medical officer of Health for the year ending 30th June, 1913*, p.13; CCP 3/131, korrespondensielêër: Superintendent of Locations — Town Clerk, 25.4.1921; UG 32/1911 *Census van de Unie van Zuid-Afrika 1911* (SA bevolking 1911, stedelike gebiede), p.27; *Pretoria News*, 3.6.1921.

om hul eie huise te bou, word treffend geïllustreer deur 'n versoek wat op 15 Julie 1915 aan die stadsraad gerig is. Daarin is gevra dat huise wat om gesondheidsredes afgekeur is, nie gesloop moes word nie omdat die inwoners as gevolg van die hoë koste van boumateriaal nie ander huise kon oprig nie tensy hulle hout-en-sinkhuise in die "nuwe lokasie" kon bou. Die betrokke huise is toe nie gesloop nie.<sup>31</sup>

Die onsekerheid oor die opruiming van die ou Gekleurde-woongebiede het verhoed dat die voorstelle om oorbewoning te bekamp, aanvaar is en die gesondheidskomitee het die hele aangeleentheid in Januarie 1916 na die finansiële komitee verwys. Verwarring het toegeneem toe die komitee in April ook die geskiktheid van die "nuwe lokasie"-terrein bevraagteken het. Dorpsgrond naby die plaas Quaggapoort, wes van Pretoria, het aantrekliker begin lyk en daar is bepaal dat dit £15 000 sou kos om die 670 bestaande huise te verskuif. Die munisipaliteit het hom ook min aan die toenemende kritiek van die Engelse Kerk en sekere Swartes gesteun en die walgooibeleid van 1915 in 1916 begin toepas. Die bestaande toestand het dus bloot voortgeduur en die gesondheidskomitee was teen Desember 1916 gefrustreerd en ongelukkig oor die ander munisipale komitees se onvermoë om oor die verskuiwing van die Gekleurde-woonbuurte te besluit. Hierop is 'n spesiale komitee aangewys wat alle sake rakende Gekleurdens moes hanteer.<sup>32</sup>

Die spesiale komitee het in Mei 1917 vasgestel dat Swartes nie teen die verskuiwing van Marabastad gekant was nie, maar trouens verkies het om spoedig te trek omdat hulle hul eie huise wou bou; die stadsraad se onbesliste houding het dit egter verhinder. Die voorneme om self te bou was egter gekoppel aan die verwagting van munisipale finansiële hulp. Swartes het die helfte van die waarde van 'n afgekeurde huis as kompensasië geëis want dit sou hulle in staat stel om nuwe huise te bou. Daar was ook 'n duidelike voorkeur om self te bou – verkieslik baksteenhuise – aangesien die skemahuise as gevolg van die sementvloere en die ventilasie-opeeninge onaanvaarbaar was. Op 14 Junie 1917 het die spesiale komitee die gedagte om die "nuwe lokasie" te verskuif, laat vaar, maar kon nie aan die versoek om geldelike hulp te verleen, voldoen nie omdat daar geen bron daarvoor bestaan het nie. Dit was al wat die komitee kon vermag en van die belofte en verwagtings wat sy aanstelling ingehou het, het niks gekom nie.<sup>33</sup>

In 1918 het 'n griep epidemie Suid-Afrika getref en die lewe van 2 703 Gekleurdens in die distrik Pretoria geëis; hierdie hoë sterftesyfer is onder meer aan swak behuising gewyt. Die ramp het die verwagting by sommige inwoners van Marabastad gewek dat die stadsraad voortaan groter besorgdheid oor hulle lot sou openbaar. Die griep epidemie het wel 'n nuwe bewustheid van die tekortkominge ten opsigte van behuising tot gevolg gehad,<sup>34</sup> maar dié nood was landswyd en het toe reeds vir byna twee dekades in Pretoria voortgesleep. Die probleem kon trouens nie oornag opgelos word nie aangesien die groeiende getal Swartes wat na die stede gestroom het, ook steeds hoër eise gestel het.

## Hostelle

Die English Church Mission wat in 1913 'n hostel vir Swart vroue op sy eiendom in Proesstraat geopen het, wou dit in September 1915 vergroot, maar dit sou die sending aan vervolging blootstel omdat Swartes slegs op die eiendom van hul werkgewers kon woon. Die stadsraad

was die hostel-idee goedgesind en het vir hierdie doel 'n terrein op die dorpsgrond naby die "nuwe lokasie" aangebied. Die terrein was egter nie aanvaarbaar nie, omdat dit te ver van Sunnyside en Arcadia (waar die vroue meestal gewerk het) en die sendingkerk in Proesstraat (waar kerstening gedoen en algemene onderrig gegee is) geleë was. Ten spyte van sterk steun van die gesondheidsbeampte, wat ook 'n barak vir Swart mans in die sentrale deel van die dorp wou oprig, het die stadsraad voet by stuk gehou en albei voorstelle op 7 April 1916 afgestem.<sup>35</sup>

'n Polemiekie oor die terrein het hierop gevolg. Die stadsraad, wat voorheen met klagtes oor die teenwoordigheid van die Wesleyaans-Methodiste Sendingkerk in Bloedstraat moes handel, wou nog 'n soortgelyke situasie in 'n Blanke-woonbuurt vermy terwyl die English Church Mission gereken het dat 'n hostel in die nuwe Swart-woonbuurt sy doel met die instelling sou verydel.<sup>36</sup>

Die English Church Mission het daarop probeer om die munisipaliteit deur regeringsdruk tot ander insigte te bring; toe dit misluk, is tot die slotsom gekom dat die plaaslike owerheid se vrees vir die Blanke openbare mening hom verlam het. Die saak het verder uitgekring toe die kerk die steun van die Blanke belastingbetalers vir sy hostel begin soek het en 'n petisie met 600 handtekeninge ten gunste van die terrein by die stadsraad ingedien het. Ook die gesondheidsbeampte het opnuut steun hieraan verleen. Die petisie het egter 'n nuwe versoek, naamlik dat die English Church Mission se erf in Proesstraat tot 'n Swart-gebied verklaar word, ingesluit. Die stadsraad het besef dat die Blankes in die onmiddellike omgewing die nouse deur so 'n stap geraak sou word. Na 'n meningsopname, waarin 28 Blankes hulle daarteen en vyf hulle daarvoor uitgespreek het, is die versoek summier

31. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêer (Memorandum): Sanitary conditions in Locations, 26.2.1915, korrespondensielêer: C.J. Tapsfield – Town Council, 13.4.1915, en korrespondensielêer: Re closing orders Native Location, 15.7.1915; CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 12.4.1915, pp.302–303, en Minutes of Council, 23.7.1915, p.209.
32. TAB, CCP 3/130, korrespondensielêer (Public Health Committee): Sanitary conditions of Locations, 17.1.1916, en besluit van 20.1.1916; korrespondensielêer: Medical Officer of Health – Town Clerk, 17.1.1917, C.J. Tapsfield – Town Council, 13.4.1915, en African Native National Congress – Town Council, 30.7.1915; CCP: Minutes of Council, 25.8.1916, p.336, en 22.12.1916, p.78; *Pretoria News*, 22.4.1915.
33. SAB, DNS, korrespondensielêer NA 87/313(1): Minutes of a meeting of the Special Committee re locations, 7.5.1917, en Minutes of a meeting of the Locations Committee, 14.6.1917.
34. UG 15/1919 *Report of the Influenza Epidemic Commission*, p.17 (par. 135) en p.29 (bylae C); *Pretoria News*, 7.12.1918; B.S. VAN AS, *Stedelike Naturelle-behuising in Wes-Kaapland* (M.A.-verhandeling, US, 1955), p.1; OLIVIER, *op. cit.*, pp.139 en 491.
35. TAB, CCP 3/170, korrespondensielêer NA 326/F170: Secretary Native Affairs – Town Clerk, 1.7.1916, korrespondensielêer: Petisie aan Stadsraad van Pretoria, ongedateer (ontvang op 1.2.1917), en C.J. Tapsfield – Town Clerk, 25.7.1916; CCP 3/130, korrespondensielêer: C.J. Tapsfield – Mayor, 25.1.1916; CCP: Minutes of Council, 17.3.1916, pp.107–109, en 7.4.1916, p.138; *Pretoria News*, 18.8.1916.
36. *Pretoria News*, 28.2.1908; TAB, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 2.3.1908, p.276; SNA, korrespondensielêer NA 596/10: Keizer and Louw – Commissioner for Native Affairs, 23.3.1910, en Town Clerk – Secretary Native Affairs, ongedateer; CCP 3/170, korrespondensielêer 36a: Town Clerk – Rev. C.J. Tapsfield, 1.8.1916.

geweier.<sup>37</sup> Pogings om 'n hostel daar te stel, is hierna vir eers laat vaar.

## NA-OORLOGSE TOESTANDE

Afgesien van die struikelblokke wat reeds voor die Eerste Wêreldoorlog in die weg van verbeterde behuising gelê het, was die afwesigheid van 'n wet wat gesistematiseerde optrede kon magtig en middele kon skep waardeur die nodige kapitaal voorsien sou word, 'n remskoen wat sy invloed sedert 1910 deeglik laat geld het. Hiervan was die regering bewus en 'n wetsontwerp waarin voorsiening vir munisipale behuisingskemas en hostelle gemaak is, is op 28 November 1917 vir kommentaar aan die provinsiale administrateurs voorgelê. Een van die redes waarom die regering die wet wou bespoedig, was die voorkoms van tifus in sommige Gekleurde-woongebiede<sup>38</sup> terwyl die griepidemie van 1918 die saak nog dringender sou maak.

Die regering het geglo dat die Transvaalse munisipaliteite agter die gebrek aan wetgewing geskuil het en daarom deels aandadig was aan die swak toestande. Hulle het die Swartes dikwels as 'n bron van moeilikheid en ergernis gesien en gerieflikheidshalwe vergeet dat die Swartes die Blankes se belangrikste arbeidsbron was. By implikasie was die Swartes dus op 'n beter bedeling geregtig. Die Swartes self was egter ook nie van alle blaam te onthef nie. Hul "indifference, apathy and sometimes active hostility ... have to bear no small part of the blame for the conditions at present existing". Volgens die regering was 'n opvoedingsprogram nodig om die armoede en onkunde onder Swartes uit te wis.<sup>39</sup>

Die regering het Pretoria as een van die min plaaslike owerhede uitgesonder wat gepoog het om toestande te verbeter. Waarna in dié verband verwys word, is onduidelik. Sedert daar in 1912 met die opruiming van Marabastad begin is, is 300 huise gesloop en die proses is in 1919 voortgesit. Hoewel alle huise in die "nuwe lokasie" bewoon was, was hulle in 'n bouvallige toestand — "almost every house was badly cracked, and although there were windows in each room, very few panes of glass were left. Old paraffin tins were secured to the window frames". Buitendien het die stadsraad in 1919 reeds agt jaar lank gewik en geweeg oor die toekoms van die Gekleurde-woongebiede. Hierdie onbeslistheid het 'n belangrike bydrae tot die agteruitgang van behuising gelewer omdat die walgooi-beleid van 1916 stagnant was, geen rekening gehou het met die groeiende inwonertal nie en niks kon doen om die gebreke in die beleid van selfvoorsiening uit te skakel nie. Talle Swartes is na die Asië-basaar en die Kleurlingwoonbuurt gedwing waar hulle swak behuising teen buitensporige pryse gekry het.<sup>40</sup>

## Hernieude versoeke en kritiek

Die Stadsgebiedewetsontwerp van 1918 het talle leemtes geopenbaar en het dus nie die wetboek gehaal nie. Gevolglik was daar teen 1919 nog geen middele om die dempende invloed van kapitaaltekorte, onsekere behuisingsvoorsiening, lakse administrasie en swak instromingsbeheer te reël nie. Hernieude versoeke om behuisingshulp het ook van Gekleurdes gekom. Swartes het hul besliste voorkeur vir hout-en-sink- of klip- of baksteenhuise uitgespreek terwyl die Asiërs daarop aangedring het dat behuising dadelik aan die armstes onder hulle verskaf word. Hulle het hulle by die Swartes geskaar en versoek dat die

munisipaliteit voorbeeldhuise oprig. Verder is finansiële hulp om dié huise te bou en 'n 99-jaar huurreg op erwe gevra want groter sekuriteit sou 'n aansporing wees om beter huise op te rig. Die behuisingstoestand van baie Blankes in Pretoria was net so swak en hoewel verskeie regeringskommissies en verslae klem daarop gelê het, was ekonomiese toestande in hierdie jare van so 'n aard dat deur private inisiatief niks aan die saak gedoen kon word nie. Die eise van die Pretoriase Gekleurde gemeenskap was dus steeds bokant die plaaslike owerheid se vermoë en dit het gaandeweg duidelik geword dat die regering moes ingryp. Dié nood het tot die Behuisingswet van 1920 gelei,<sup>41</sup> maar dit sou nog 'n tyd duur voordat Pretoria se Gekleurdes daarby sou baat.

Terwyl die stadsraad na 'n uitweg uit die probleem gesoek het, het meer en meer stemme opgeklink teen toestande in Marabastad. Die Goewerneur-generaal, lord S.C. Buxton, het na 'n besoek aan dié woonbuurt vroeg in 1920 verklaar dat die aanbevelings van die Behuisingskommissie noukeurig toegepas moes word. John Dougall, 'n voormalige stadsraadslid en voorsitter van die Pretoria Native Welfare Association, 'n organisasie wat in 1919 gestig is om saam met die munisipale gesondheidskomitee na die welstand van Swartes om te sien, het weer verklaar dat die Swart-woongebiede heeltemal te klein was om in die bestaande behoefte te voorsien terwyl Swartes in toenemende getalle na Pretoria gekom het. Volgens Dougall was hulle permanente arbeiders en dit was dus die Blankes se verantwoordelikheid om hierdie mense se behuising te verbeter. Dougall wou groot ondernemings op die een of ander manier dwing om hul arbeiders behoorlik te huisves.<sup>42</sup>

## Skemas en kapitaal

'n Doeltreffende oplossing van die behuisingsnood het afgehang van die mate waarin daarin geslaag sou word om die gebreke van selfvoorsiening te oorkom. Die beskikbaarheid van kapitaal was hiervan die belangrikste komponent en die stadsraad het geglo dat 'n nuwe skema, waarvolgens gebruik gemaak sou word van geleende geld en geleentheid gebied sou word aan persone om self te bou, die oplossing was. Die skema, wat £100 000 sou kos, het 462 huise, dienste en paaie ingesluit. Bouklip, hout en sink sou teen kosprys aan voornemende selfbouers be-

37. TAB, CCP 3/170, korrespondensielêer: Secretary Native Affairs — Town Clerk, 21.6.1916, Medical Officer of Health — Town Clerk, 18.8.1916, en Petisie aan Stadsraad van Pretoria, ongedateer (ontvang op 1.2.1917); *Pretoria News*, 21.6.1916, 2.2.1917 en 21.2.1917; TAB, CCP: Minutes of Council, 20.2.1917, p.131.

38. TBP, DPB, TA 12931, korrespondensielêer NA 61/14/F9: Secretary Native Affairs — Provincial Secretary (Confidential), 28.11.1917 (met aanhangsels).

39. UG 7/1919 *Report of the Department of Native Affairs for the years 1913—1918*, p.16.

40. TAB, CCP 3/131, korrespondensielêer: Superintendent of Locations — Town Clerk, 16.9.1919, en 20.9.1919; CCP 3/165, korrespondensielêer: Reprint from the minutes of the Johannesburg Town Council, 9.10.1919, pp.12—13.

41. J.J. HENNING, *Die "Naturellen (Stadsgebieden) Wet" no. 21 van 1923* (M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1957), p.29; TAB, CCP 3/131, korrespondensielêer: Superintendent of Locations — Town Clerk, 16.9.1919, en 7.11.1919; CCP 3/172, korrespondensielêer: Resolutions passed by the Executive Committee of the British Indian Defence Association ..., 21.11.1919; UG 4/1920 *Report of the Housing Committee ...*, pp.28—32 en 38; *Pretoria News*, 3.1.1920 en 11.2.1920; *Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1920* (Wet no. 35/1920), p.169 e.v.

42. *Pretoria News*, 9.1.1920, 24.2.1920 en 4.7.1921; *De Volkstem*, 23.1.1920.



skikbaar gestel word. In April 1920 is die projek uitgebrei om twee- en drievvertrekhuse en hostelle in te sluit, maar die koste daarvan (£238 370) het die stadsraad afgeskrik en daar is in Augustus na die oorspronklike skema teruggekeer deur die aantal huise en hostelle te verminder.<sup>43</sup>

Onvoldoende fondse het die grootste struikelblok gebly. In April 1921 is die kapitaalbehoefte op £250 000 gestel en die munisipaliteit se vermoë om dit te bekom, was steeds beperk. Eiendomsbelasting is alreeds teen die statutêre maksimum gehê en die regering het slegs 'n minimale bydrae hiertoe gemaak; bowendien het die stadsraad sy inkomste uit pasgeld reeds in 1910 verloor en verder oor beperkte leningsmag beskik.

Die stadsvaders het hulle blind gestaar teen die beoogde modelskema en toe daar teen Junie 1921 nog geen aanduiding was dat geld beskikbaar sou raak nie, het hulle skerp kritiek van *The Pretoria News* op die lyf geloop. Hulle is aangeraai om van die modelskema af te sien en rondawels teen £5-10-0 stuk op te rig. Dit sou etlike voordele inhou. Huisvesting sou sodoende aan Swartes gebied word en hulle sou daarvoor kon betaal. Op sy beurt sou dit 'n veel ligter las op die Blanke belastingbetaler lê. Die stadsraad was nie hiervoor te vinde nie en het selfs sy skema in Julie tot £25 000 ingekort. Hiervan is £15 750 vir 105 half-aaneenstaande ("semi-detached") baksteenhuse toegewys. Hewige kritiek het hierteen losgebars en soveel verwarring is onder die stadsvaders veroorsaak dat uiteindelik slegs besluit is om aansoek om 'n lening by die Sentrale Behuisingsraad te doen en die besonderhede later uit te werk.<sup>44</sup>

Te midde van die verwarring het *The Pretoria News* op 8 Julie 1921 samewerking in plaas van konfrontasie tussen die stadsraad en die Pretoria Native Welfare Association, een van die felste kritici van die modelskema, bepleit. Die nuusblad het aan die hand gedoen dat tydelike huise, ongeag die beskikbaarheid van lenings, voorkeur kry. Vanweë die gewag op geld het toestande in Marabastad steeds versleg sodat die stadsvaders daaraan begin dink het om huise wat £20 stuk kos uit plaaslike materiaal op 'n onbeboude stuk grond te voorsien. Dié alternatief het egter skipbreuk gely omdat die Sentrale Behuisingsraad nie fondse vir tydelike of goedkoop geboue beskikbaar gestel het nie.<sup>45</sup>

Druk op die stadsraad om op te tree, het in Augustus 1921 ook uit ander oorde toegeneem. Die Marabastadse adviesraad het na aanleiding van verdere uitsetbevele teen Swartes in die Asiate-basaar en die Kleurlingwoonbuurt, die stadsraad vir die behuisingsnood verantwoordelik gehou omdat hy reeds in 1912 belofte het om huise in die "nuwe lokasie" te bou en die belofte nie gestand gedoen het nie. Daarom het die stadsraad geen reg gehad om Swartes uit te sit alvorens alternatiewe behuisingsgeskep is nie. Enkele dae later het 22 Blanke-vroueverenigings 'n petisie aan die stadsraad oorhandig. Hierin is die gebruik van groot bedrae geld vir duur, en volgens hulle ongeskikte huise, gerepudieer en is aanbeveel dat die opinie van verantwoordelike Swartes, veral ten opsigte van die soort vloer waarvoor groot ontevredenheid geheers het, ingewin moes word. In die petisie is die privaat sektor ook aangemoedig om aktief by die verskaffing van behuisingsbetrokke te raak.<sup>46</sup>

Hierop het die raad die modelskema verder ingekort. Die gedagte hiermee was dat Swartes self huise sou bou met materiaal wat deur die munisipaliteit voorsien word. 'n Bedrag van £15 000 waarvan £10 000 bestem sou wees vir die oprigting van dié huise, moes eers van die Sentrale

Behuisingsraad verkry word. Om die koste laag te hou, is leiklimpurre, baksteenvloere en grasdakke beplan en drie verskillende soorte twee- en drievvertrekhuse sou gebou word. Voornemende bouers moes die materiaal op huurkoop van die plaaslike owerheid verkry en bouwerk binne 'n voorgeskrewe tyd voltooi. Terugbetaling sou oor twintig jaar teen 4% rente plus 10/- per maand vir erfhuur en dienste geskied; Swartes wat in Marabastad die swakste daaraan toe was, sou voorkeur kry. Dit is nie duidelik of die stadsvaders die Swartes hieroor geraadpleeg het nie, maar dit het spoedig geblyk dat die Swartes vergoeding vir hulle bouwerk verwag het. Daar was voorts kritiek teen die koste, die voorgestelde boumateriaal, die selfbou-idee en die terrein. Die Sentrale Behuisingsraad was ook skepties oor die lewensvatbaarheid van die hele onderneming.<sup>47</sup>

Hoewel die terrein ooswaarts verskuif en agter 'n ry bome verberg is, en daar ingestem is om Swartes teen £15 per huis vir hul arbeid te vergoed, was behuisingstoestande teen Januarie 1922 nog onveranderd. Die selfbou-idee het ongewild gebly en daar was geen eenstemmigheid onder Blankes oor die terrein en die gebruik van regeringsgeld nie. Ander het weer gevoel dat die wantoestande in Marabastad eerder verbeter moes word. Dié lang verwagte wetsontwerp oor Swartes in munisipale gebiede wat in Januarie in die staatskoerant gepubliseer is en voorsiening gemaak het dat plaaslike owerhede geld kon leen sodat goedgekeurde Swartes huise daarmee kon bou, het 'n skrale troos gebied omdat die situasie in Pretoria onmiddellik aandag vereis het. Daarom het die stadsraad die skema verder ingekort tot 65 tweekamer- en 15 driekamerhuise wat saam £11 930 sou kos. Vanweë die tekort aan arbeid sou betonstrukture met gras- of sinkdakke gebou word. Die stap het uiteindelik 'n resultaat opgelewer toe die Sentrale Behuisingsraad laat in Februarie 1922 sy goedkeuring vir so 'n skema gegee het. Die driekamerhuise sou 35/- per maand en die tweekamerhuise 25/- per maand, insluitende erfhuur en dienste, kos, en was vir getroudes met 'n gemiddelde inkomste van £30 per maand bedoel.<sup>48</sup>

Die Pretoria Native Welfare Association bygestaan deur die Civic Society was weer eens fel in hulle kritiek hierop, maar die stadsraad was steeds oortuig dat hy die regte weg ingeslaan het omdat die skema, wat materiaal, arbeid en oprigtyd betref, ekonomies was. Toe die Sentrale Behuisingsraad 'n rukkie later weer geld vir Swartbehuising beskikbaar gestel het, is nog £30 000 geleen waarmee 'n verdere 20 driekamer- en 157 tweekamer-

43. TAB, CCP: Minutes of the Public Health Committee, Special Meeting, 3.2.1920; ongepagineerd, en 23.2.1920, p.361; Minutes of Council, 8.4.1920, pp.8-10, 20.7.1920, pp. 191-193, en 10.8.1920, p.227; *Pretoria News*, 11.2.1920 en 24.2.1920.

44. *De Volkstem*, 12.4.1921; TAB, CCP 3/131, korrespondensielêer: Verklaring van burgemeester H.P. Veale, ongedateer; CCP: Minutes of Council, 6.7.1921; *Pretoria News*, 27.6.1921 en 5-7.7.1921.

45. *Pretoria News*, 8.7.1921 en 24.8.1921; *De Volkstem*, 2.8.1921.

46. *Rand Daily Mail*, 4.8.1921; TAB, CCP: Minutes of Council, Special Meeting, 18.8.1921; *Pretoria News*, 18.8.1921.

47. TAB, CCP: Minutes of Council, 8.9.1921, pp.334-337, en Minutes of Council, Special Meeting, 28.2.1922, pp.224-233; CCP 3/434, korrespondensielêer: Memorandum, ca. Oktober 1921; *Pretoria News*, 7.9.1921, 9.9.1921 en 20.9.1921.

48. *Pretoria News*, 18.1.1922, 20.1.1922, 24.1.1922, 7.2.1922, 28.2.1922 en 16.3.1922; TAB, CCP 3/165, korrespondensielêer: Notes by the Town Clerk on Native (Urban Areas) Bill, ca. Februarie 1922; CCP: Minutes of Council, Special Meeting, 28.2.1922, pp.224-233, en Minutes of Council, 18.9.1922, p.167; *De Volkstem*, 7.2.1922.

huise, vier stortblokke en 'n omheining vir elke huis, beplan is.<sup>49</sup>

Die eerste skemahuise was in September 1922 gereed en die stadsvaders het belangstellendes, onder wie kritici soos John Dougall en Edgar Brookes van die Native Welfare Association, op 'n besigtigingstoer geneem. Vir Dougall was die nuwe wonings nou "a picture of beauty" terwyl 'n ingenome stadsraad geglo het dat dit die begin van 'n spogbuurt was wat dié van Bloemfontein nog na die kroon sou steek. Desnieteenstaande het die Transvaal Native Congress heftig daarteen te velde getrek omdat Swartes geen simpatie van die stadsraad sou ontvang nie: "...the Natives objected strongly to the site on the hill, where 'municipal barracks' are being built and to houses with cement floors, etc. but their objection had all been in vain". Die kritiek het die munisipaliteit nie ontsenu nie en die derde fase van die skema is in Junie 1923 voltooi.<sup>50</sup>

### Sekuriteit en administrasie

Die stadsraad het in sy poging om kapitaal vir behuising te vind en deur voorkeur te gee aan sy modelbehuising-skema, nie rekening gehou met die Gekleurdes se behoefte aan sekuriteit nie. Sommige Swartes en Asiërs het op 'n 99-jaar huurpagskema aangedring. Hulle was onwillig om goeie huise sonder hierdie sekuriteit te bou, en van die Swartes was selfs bereid om hulle ter wille van groter permanensie verder van die dorp af te vestig. Die terrein waarop die "nuwe lokasie" ontwikkel is, het aan verskeie gebreke mank gegaan; dit was na die smaak van dié Swartes te klein en sou vanweë die instroming van Swartes binne enkele jare tot nog 'n verskuiwing lei. Die vraag of Pretoria meer as een Swart-woonbuurt in die vooruitsig gehad het, moes eers opgelos word voordat Swartes se wantroue in die terrein sou verdwyn.<sup>51</sup>

Onvoldoende instromingsbeheer was 'n ander belangrike oorsaak vir die behuisingsnood. Volgens 'n ondersoek deur *The Pretoria News* was daar "hundreds of Natives resident in the location who have no right to be in the town at all". Hieraan het die regering niks gedoen nie, sodat die munisipaliteit ook nie kon optree nie. So-doende het 'n toestand ontwikkel wat Asiër-onderverhuurders kon uitbuit deur onderdak aan dakloses te voorsien. Selfs munisipale beamptes het onderverhuuring, hoewel strydig met die regulasies, oogluikend toegelaat. Die oorbewoningstendens het sanitêre standaarde verlaag en die vrees by sommige Blankes versterk dat epidemies kon ontstaan. Hulle het dus voortdurend by die munisipaliteit daarop aangedring dat voorkeur gegee moes word aan die verbetering van toestande in Marabastad. Dit het tot gevolg gehad dat die munisipaliteit huise daar laat skoonmaak en bepaal het dat inwoners van die swakste krotte in Marabastad eerste na die nuwe skemahuise moes trek.<sup>52</sup>

### Hostelle en kampongs

Met die beplanning van sy modelskema in April 1920 het die stadsraad ook voorsiening vir hostelle gemaak. Druk ten gunste van hostelle het in September 1920 toegeneem toe die Pretoria Native Welfare Association weer gepleit het dat huisvesting vir Swart huisbediendes voorsien word. Blanke vroue van die Women's Reform Club het hulle ook daarvoor beywer. Teen Maart 1921 het hulle die stadsraad se hulp ingeroep omdat hul eie pogings vrugteloos was. In Julie 1921 het die Women's Enfranchisement Association of the Union ook die saak gesteun

en versoek in dié verband tot die regering gerig. Daar was egter talle probleme, onder meer die gebrek aan kapitaal en die feit dat daar nog geen wetgewing bestaan het om die bewegings van Swart vroue te beheer nie. Die voorsiening van huisvesting in hostelle kon sonder die Swartes se samewerking by voorbaat tot mislukking gedoem wees.<sup>53</sup>

Dit het die Blankes laat beseef dat hulle self die lewensomstandighede van hul bediendes moes verbeter – 'n taak wat onder die leiding van die Civic Society aangepak is. Twee kamers is by die English Church Mission in Proesstraat in gebruik geneem en die Women's Reform Club het planne beraam om 'n hostel vir 50 vroue oorkant die Berlynse Sendingstasie in Boomstraat onder toesig van die sendeling, eerwaarde Karl Sacke, te begin. Werk hieraan was nog aan die gang toe die beginsel van hostelle in die nuwe Naturelle (Stadsgebiede) Wet aanvaar is en die regering aangedui het dat die gebou van die Duitse skool op die hoek van Schubart- en Maréstraat (wat te koop was) geskik was vir 'n hostel. Eënstemmigheid oor hierdie voorstel kon ook nie bereik word nie. Die Pretoria Native Welfare Association het die idee van 'n permanente, maar afsonderlike "native village" gepropageer en was ten gunste van die oprigting van hostelle in so 'n woonbuurt.<sup>54</sup>

Die algemene voorkeur was egter 'n sentraalgeleë hostel en daarom is pogings aangewend om die Duitse skoolgebou te koop. Fondsinsameling en straatkollekte kon slegs 'n kwart van die koopprys oplewer wat daarop dui dat die breë publiek weinig belangstelling getoon het. Na die aanvaarding van die Naturelle (Stadsgebiede) Wet het die Civic Society die stadsraad op 18 Augustus 1923 versoek om hulp te verleen. Anders as met die Proesstraatversoek agt jaar tevore, het die stadsraad ook gevoel dat die Duitse skool ideaal geleë was; derhalwe is die gebou aangekoop en as hostel aan die Civic Society verhuur.<sup>55</sup>

Gedurende 1923 is stappe ook gedoen om enkel-opende mans in kampongs in Swart-woongebiede te huisves. Grond is vir tien tot twintig jaar aan privaat ondernemings beskikbaar gestel waar hulle kampongs onderhewig aan raadsgoedkeuring kon oprig. Indien munisipale opsieners verlang is, sou dit teen 1/- per

49. *Pretoria News*, 1.3.1922, 10.3.1922, 13.3.1922, 16.3.1922, 18.3.1922 en 24.5.1922; TAB, CCP: Minutes of Council, 8.8.1922, pp.100–103.

50. *Pretoria News*, 26.9.1922 en 16.10.1922; *De Volkstem*, 29.9.1922; TAB, CCP: Minutes of Council, 11.12.1922, p.125, en 26.6.1923, p.74.

51. TAB, CCP 3/131, korrespondensielêër: Superintendent of Locations – Town Clerk, 30.7.1920; CCP 3/172, korrespondensielêër: Resolutions passed by the Executive Committee of the British Indian Defence Association ..., 21.11.1919; *Pretoria News*, 22.9.1920, 1.3.1922 en 10.3.1922.

52. *Pretoria News*, 2.7.1921, 5.7.1921, 20.7.1921, 8.8.1921, 2.5.1922, 24.5.1922 en 19.9.1922; OLIVIER, *op. cit.*, p.461; TAB, CCP 3/131, korrespondensielêër: Town Clerk – Town Treasurer and Superintendent of Locations, 16.8.1922.

53. *Pretoria News*, 22.9.1920 en 20.7.1921; TAB, CCP 3/170, korrespondensielêër: K.M. Wright – Town Clerk, 11.3.1921; *De Volkstem*, 22.7.1921.

54. TAB, CCP 3/170, korrespondensielêër NA 143/22/1131: Secretary Native Affairs – Town Clerk, 18.2.1922; CCP 3/165, korrespondensielêër: Notes by the Town Clerk on the Native (Urban Areas) Bill, ca. Februarie 1922; *Pretoria News*, 24.1.1922, 4.2.1922, 7.2.1922, 1.3.1922 en 29.4.1924.

55. *Pretoria News*, 20.9.1922, 25.10.1922, 21.2.1923, 22.2.1923, 27.8.1923 en 7.9.1923; TAB, CCP: Minutes of Council, 27.8.1923, pp.190–191; *De Volkstem*, 18.9.1923.

maand per inwoner beskikbaar gestel word. Omdat die onwilligheid om kampongs op te rig die skema kon verongeluk, was die munisipaliteit bereid om self kampongs te bou en te verhuur. 'n Begin is dan ook gemaak met die oprigting van 'n nuwe munisipale kampong omdat die bestaande een reeds heeltemal ongeskik was.<sup>56</sup>

Die onderverhuring van huise in die Kleurlingwoonbuurt aan Swartes het tot 'n tekort aan Kleurlingbêhuising gelei. Om die behoefte die hoof te bied, het die raad teen die middel van 1923 besluit om met 'n skema vir Kleurlinge te begin op 'n stuk grond wat van die Asiatabasaar afgesny is. Vyftig huise, dertig met drie kamers en 'n kombuis, en twintig met twee kamers en 'n kombuis (almal met 'n badkamer en 'n stoep) is beplan. Terugbetaling was £3-10-0 per maand, maar omdat die meeste Kleurlinge hoogstens £2-10-0 per maand kon bekostig, is die badkamer weggelaat. In Mei 1924 is besluit om 20 van dié soort huise op te rig. Die Sentrale Behuisingsraad het in Julie ingestem dat hierdie huise, wat omhein en van 'n toilet voorsien was, teen £230 stuk opgerig kon word.<sup>57</sup>

## SLOTSOM

Al die voorafgaande skemas omvat die idees waarvolgens Pretoria se stadsraad Gekleurdes binne sy regsgebied wou huisves en dit het ruim twee dekades geneem om daaraan uitvoering te gee. Die skemas was veral op die Swart bevolking gemik en die Asiërs wat in 1919 hulp vir die armstes in hulle geleedere versoek het, het toe nog geen vooruitsig daarop gehad nie. Van al die munisipale oplossings was die behuisingskema van 1920 aan die priemendste kritiek onderhewig. Van die stadsraad se idealisme het daar ná 1924 min tereg gekom en behuising in Marabastad en Bantule (soos die "nuwe lokasie" in 1923 gedoop is) het swak gebly. Hiervoor was die voortdurende instroming en armoede — faktore wat nie deur behuisingskemas uit die weg geruim kon word nie — veral verantwoordelik.<sup>58</sup> Dit is ook te betwyfel of die oplossing van die Pretoria Native Welfare Association, naamlik om 'n Swart-dorpie êrens buite Pretoria aan te lê waar inwoners eiendomsreg op grond kon kry, die swaar hand van armoede en toenemende verstedeliking te bowe sou kom. Hierdie faktore het dekades later nog gegeld — 'n feit wat onderstreep word deur die algemene behuisingstoestande in Lady Selborne, Eersterust en Riverside, woonbuurte waar Gekleurdes wel eiendomsreg kon kry.<sup>59</sup> ■

## MEERHOFFKASTEEL (vervolg van bladsy 15)

Boesmans snaphane en ammunisie by hul gehad het. Oor wat daarna gebeur het, skryf Giebeler soos volg in sy joernaal: "...uijt vrees dat wanneer ik van daar vertrocken soude zijn sij: herwaarts koomende haar boos voorneemen soudent ter uijtvoer brengen, te meer dewijl sij van de geene waaren die hier te platten Lande soo veel roverijen en moorden gepleegt hebben, en dat zy behalven een snaphaan nog met boog en assegaj gewaapent waaren; tot stuijting van dit hun quaad voorneemen, onder deselve soo als se de vlugt begonnen te neemen, doen schietten, bij welke actie tusschen de 30 en 40 van deselve zijn doodgebleeven, waaronder sig den voorm. Cap: Swartebooi bevondsiijnde desselfs soon Titus het ontkoomen, alhoewel denselven bij de geleegenthijd is gequetst geworden ..." <sup>34</sup> Na die skermutseling is beslag gelê op 'n hoeveelheid ammunisie en 'n paar beeste wat vroeër van boere gesteel is. Ook Diklip, wat volgens beewering die slaaf van Albert van Zyl gedood het, is gevang. <sup>35</sup>

Kort na die slag by Meerhoffkasteel het die Boesmans as faktor uit die Hardeveld verdwyn; hoewel verskeie bekende plase in die naburige Onder-Olifantsrivier teen 1750 op lening uitgegee was, is die eerste drie Hardeveld-plase eers in 1770 aangeteken. Die onherbergsame en waterlose Hardeveld het veeboere gedwing om liever na die Kamiesberge en die Hantam uit te wyk waar die klimaat en ander omstandighede veel gunstiger was.



'n Onlangse foto van Meerhoffkasteel.

Die leningsplaas Meerhoffkasteel, die sesde in die Hardeveld, is in 1792 ses maande lank aan ene Jans Jorsen toegeken;<sup>36</sup> daarna is dit deur verskeie ander boere aangevra totdat dit teen die eeuwending in die hande van Jacobus Coetzee (1730–1816), bekende jagter, ontdekkingsreisiger, avonturier en gids, gekom het. Die plaas is in Oktober 1843 op ewigdurende erfpag in naam van Gert Coetzee, Jacobus se seun, geregistreer,<sup>37</sup> en het daarna tot 1912 in besit van die Coetzees gebly. Daarna het verskeie eienaars die plaas besit totdat J.J.G.L. Nel dit in 1954 aangekoop het; sedert 1976 is J.A. Nel die eienaar.<sup>38</sup> ■

56. TAB, CCP: Minutes of the General Purposes and Estates Committee, 19.1.1923, p.510, 15.6.1923, p.6, en 27.7.1923, p.682; Minutes of Council, 3.12.1923, p.393; *De Volkstem*, 3.12.1923.

57. TAB, CCP 3/131, korrespondensielêër: Town Clerk — Superintendent of Locations, 3.4.1922; Town Clerk — Acting Superintendent of Locations, 24.4.1922; Minutes of the Public Health Committee, 25.8.1923; Town Clerk — Provincial Secretary, 11.10.1923; Coloured Housing Scheme, 22.2.1924; korrespondensielêër 24: Town Clerk — Provincial Secretary, 22.5.1924, en korrespondensielêër 131/37/182: Secretary Central Housing Board — Provincial Secretary, 13.7.1924.

58. S.P. ENGELBRECHT e.a., *Pretoria 1855–1955* (Pretoria, s.j.), pp.77–78; *De Volkstem*, 30.10.1923; HENNING, *op. cit.*, p.18; J.D.R. JONES en A.L. SAFFERY, *Social and economic conditions of Native life in the Union of South Africa ...* (Johannesburg, s.j.), p.93; E.J. KRIGE, Some social and economic facts revealed in Native family budgets, *Race Relations* 1(6), Okt.—Nov. 1934.

59. *Pretoria News*, 2.1.1905; TBP, DPB, TALG 3432, korrespondensielêër: Clêrk to Townships Board — Secretary Native Affairs, 6.7.1908.

34. KA, C 31 Resolusies: 8.12.1739 (Rapport van Giebeler, 28.11.1739, pp.424–439).

35. *Ibid.* Diklip is later na Robbeneiland verban.

36. KA, Land Offices, Receiver of Land Revenue (R.L.R.) 70 Aantekeningboeke: Mieropkasteel ..., 20.7.1792.

37. KA, Quit Rent Register (Clanwilliam) 6–22, 15.10.1834 (no. 135, diagram 375).

38. KA, Surveyor General, Farm Register (Van Rhynsdorp): Meerhoffskasteel, 24.5.1954 (folio 393).